4 NOVEMBER 2018

09:00 Erediens – Kerk (Doop)

Immanuel van Tonder

Wees altyd bly in die Here!

Ella Steyn (Ruhan en Lidia), Nicholas Scharf (Walter en Sandra) en Johannes Moolman (Jurie en Doné) word vanoggend gedoop. Baie welkom aan al die vriende en familie.

09:00 Gesins-Kerssangdiens (Saal)

Peet Crous

Marina de Wet kom kuier!

Jnr. Kategese & Kleuterkerk afsluiting

09:30 Lynnwood Oord-Kerssangdiens

Johan Jooste & Musica Vivendi

18:00 Aanddiens

Fay van Eeden

Hoop

11 NOVEMBER 2018

09:00 Erediens

Eric Scholtz

18:00 Aanddiens

Immanuel van Tonder

Liefde

Baie welkom aan alle besoekers en nuwe intrekkers. Ontmoet gerus die predikant na die oggenddiens by die liturgiese ruimte. Skryf asseblief ook u naam in die boek in die portaal of skakel die kerkkantoor. Ons wil u graag verwelkom. Besoek ook gerus die *Info*-toonbank na die diens vir enige navrae.

Potjiekos – 18 November

Ons vier op 18 November ons gemeente se verjaarsdag met ons jaarlikse Potjiekos-ete.
Koste: R100 per ete (kinders onder 13jr eet gratis).
Bespreek asseblief by die *Info*-toonbank na die diens of skakel die kerkkantoor 012 348 1245.
Ons benodig nog mense wat belangstel om 'n pot te maak – skakel asseblief die kerkkantoor. Indien u bereid is om te help met rys- en Stampmielie-voorbereiding en basaarpoeding kontak asseblief vir Maretha 073 267 7019.

Vir oud en jonk

➟ **Knibbelmark op die agterblad!**

Die week se kalenderaktiwiteite

Dinsdag:	**Bybelstudie** 08:15 (Nerina Deale, Elveramstraat 51, Lynnwood Glen, 012 361 1896) – Peet Crous 012 348 4004 / 079 893 5572. **Bybelstudie** 08:30 (Kapel) – Eric Scholtz 012 361 4219 / 082 856 5959. **Tabita Naaldwerkklasse** 14:00 (Kerksaal) – Selma du Preez 082 448 6413. **Gemeentevroue Groep 11** – Afsluiting-geselligheid. **Nuwe Generasie Bybelskool** 19:00 (Sjêk) – Jakkie Strachan 084 547 1660.
Woensdag:	**Kleingroep vir Mammas met babas en kleuters** 10:00 – 11:30 (in die jeugsentrum) – Liesel Strasheim 082 344 4323 of Fay van Eeden 083 478 0854. **Ratanang-Vroueaksiegroep vir huishulpe** 14:30 (Koinonia) – Annatjie Pienaar 072 146 8212. **"Young couples"-omgeegroep** 19:00 – Fay van Eeden 083 478 0854.
Donderdag:	**Bybelstudie** 09:30 (Lynnwood Oord). **Tabita Naaldwerkklasse** 14:00 (Kerksaal) – Selma du Preez 082 448 6413. **Jong Volwasse Bybelstudie** (Sjêk) – Fay van Eeden 083 478 0854.
Vrydag:	**Gebedsgroep** 09:30 (B5). Kontak: Hanthi Jacobs 012 361 9058 / 083 293 0263 of Peet Crous 012 348 4004 / 079 893 5572 met gebedsversoeke. **Bybelstudie** 08:00 (Kapel) – Eric Scholtz 012 361 4219 / 082 856 5959.

Voorbidding

Pieter de Waal, Bramptonweg 108, Lynnwood Manor, (Magriet 073 545 1420) – Unitas (*Multi ICU*).

Willem Ferguson is tydens die afgelope Kerkraadsvergadering as Kerkraadslid (primarius) vir die Ekologiebediening verkies.

Aanbiddingsleier-vakature - inligting op die web.

Jakaranda Liggiefees

* Baie dankie aan almal wat hulp aangebied het by die koffiestalletjie en met die versiering van Huis 6.
* Op 25 November moet al die huise se liggies brand, dus is daar nie baie tyd oor nie … daar is nog ‘n behoefte aan ‘n paar nuwe stel liggies en indien iemand bereid is om dit te skenk sal dit baie waardeer word.
* Daar sal elke Sondag ‘n houer by die deur beskikbaar wees waar die volgende artikels in geplaas kan word:
* Cappuccino boksies (gewoon (=gewildste), hazelnut en onversoet); langlewe-melk, suikersakkies, *hot chocolate* en koppies… ‘n Skenking vir ‘n nuwe pompfles (+_R700) sal ‘n groot hulp wees!
* Die lys vir hulp met stalletjie, vir die hele Desember maand, sal ook elke Sondag by die ingang teen Koinonia se glasdeur beskikbaar wees.
* Lizzy het hierdie jaar kompetisie deur ‘n privaat stalletjie wat toestemming gegee is om “goeie”koffie te verkoop. Kom ons staan saam en help haar om die stalletjie bietjie interessanter te maak (ons gaan probeer om dit meer soos ‘n koffie kiosk te laat lyk!)
* Kontak nommers: Anneke 082 376 2604; Chris 079 871 7079 en Noëlla 084 396 1059.

Interessante dokumentêr word op 4 November om 12:00 in die Atterbury teater vertoon. Meer inligting beskikbaar op ons webblad.



Oorweeg asseblief biddend 'n dankoffer d.m.v. een van die volgende wyses: koevert, aftrek- of debietorder of elektroniese oorplasing.
Bankbesonderhede:
NG Lynnwood, ABSA Takkode: 632005, Tjekrekening nr. 540 580 014 (gebruik asseblief u Voorletters en Van as verwysing) en e-pos bewys van betaling aan finansies@nglynnwood.co.za of *Snap Scan*.

Snap here to pay
SnapScan

Kontak van die week:

Lynnwood se kerkgebou is vanjaar op 16 November vyftig jaar gelede feestelik in gebruik geneem. Ons vier dus vanjaar hierdie mooi geleentheid. Met die oog daarop gaan die Kontak oor die volgende paar weke deur lidmate en oud-predikante geskryf word.

VAN GESLAG TOT GESLAG

Die "Sagrada Familiais" in Barcelona is een van die mees indrukwekkende katedrale in die wêreld. Antoni Gaudi het in 1883 begin werk aan hierdie gebou en die res van sy lewe daaraan gewy. Met sy dood in 1926 was daar slegs 'n kwart van die gebou klaar. Die boUwerk is aanvanklik gedoen deur privaat donasies en daarom het dit in die begin baie lank gevat.

Hierdie gebou is op verskeie vlakke ongelooflik. In die eerste plek kan 'n mens jou nie indink dat hierdie kerk nou al vir meer as 'n honderd jaar gebou word nie. Hulle beplan om dit klaar te hê in 2026, 100 jaar na Gaudi se dood. Die oorspronklike planne van Gaudi is dus oor geslagte aangegee na nuwe bouers en argitekte, nuwe regerings en ook nuwe fondswerwers en almal moes inkoop en die prentjie volg wat Gaudi geskep het.

Die simboliek van die kerk is ook besonders. Elke liewe gedeelte beeld iets van die Christelike geloof uit. Daar is byvoorbeeld agtien torings. Elkeen simboliseer iets. Twaalf van die torings verteenwoordig die twaalf dissipels, een is moeder Maria, vier is die vier Evangeliste en die langste een met 'n kruis op in die middel (wat nog nie gebou is nie), is Christus.

Die kerkgebou is 'n lewende getuie vir almal wat dit besoek.

Een generasie kon dit nie alleen gedoen het nie. Elke generasie het die moeite gedoen om die visie, plan en liefde vir die saak aan te stuur. Vandag kan mens die ongelooflike (amper klaar) gebou waardeer en God daar ontmoet.

In Josua 4 lees ons ook van 'n monument wat gebou word. God stap 'n lang pad met Israel, Hy is getrou aan sy beloftes, Hy beskerm hulle. Dan gee Hy 'n opdrag aan die Israeliete om 'n monument te bou: "*Dit moet vir julle as teken dien. Wanneer julle kinders julle eendag vra, wat beteken hierdie klippe vir jou moet julle vir hulle sê die Jordaan se water is voor die verbondsark van die Here afgesny; toe die ark deur die Jordaan moes gaan, is die rivier se water afgesny; daarom is hierdie klippe vir die Israeliete 'n blywende herinner*.

Hierdie gebeurtenis word 'n mylpaal of 'n belangrike monument in die Israeliete se lewe. Op hulle geloofspad het daar al so baie dinge tussen hulle en God gebeur. Dit sal hulle altyd herinner aan God wat by hulle was deur die moeilike tye. Aan God se mag en krag waardeur Hy die water van die Jordaan laat oopgaan het. Dit herinner hulle aan die verbond wat God met hulle gemaak het, wat Hy nie vergeet nie.

Dit bly egter nie net 'n goeie herinnering nie. Dit beïnvloed hoe die Israeliete leef, want hulle het iets van God gesien. Hulle kan dit met hulle nageslag deel en daardeur God eer.

Net soos wat Gaudi se plan vir die kerk oor geslagte aangestuur is, word God se boodskap en Evangelie van geslag tot geslag ook in Lynnwood Gemeente oorgedra. Dit is belangrik om te besef dat jonk en oud, 'n baie belangrike rol het om God se boodskap oor te dra aan die mense om ons.

Ons gemeenteverjaarsdag op 16 November is vir ons 'n monument tot eer van God se werk deur die eeue. Die kerkgebou wat 50 jaar oud is, is 'n teken daarvan. Deur die dankiemaand dankoffers word ons in staat gestel om met hierdie "bouproses" te kan voortgaan.

Wat is die dinge op jou pad waarna jy kan terugkyk en iets waardevol van God onthou? Ons kan 'n punt daarvan maak om in ons geloofsreis monumente te bou, sodat ons herinner kan word aan dit wat God in ons lewens gedoen het.

Groete
Immanuel van Tonder

Die Kers-aandmark op 24 November is hierdie jaar 'n ***knibbelmark*** waar klein happies sorg vir groot bederf. Indien jy, jou gesin, jou vriendegroep of kleingroep een van die onderstaande stalletjies (of enige ander stalletjie) wil behartig kontak asseblief vir Fay (083 478 0854)

- Enige tapas
- Rugby-snoepies (biltong, droëwors ens.) – want daar is groot rugby daardie dag wat ons saam op die grootskerm gaan kyk
- Gebak (koek, vrugtekoek, koppie-koekies, yskastert, souttert, ens.)

Kan jy help met 'n skenking van…?

Poeding – Maretha Brits (073 267 7019)
Blomme en/of plante – Nerine Ahlers (082 373 3319)
Tuisgemaakte produkte soos byvoorbeeld beskuit, konfyt, ens. – Bettie Hammann (082 550 5079)
Wyn – Peet Crous (079 893 5572)
Tuisgemaakte koekies – Fay van Eeden (083 478 0854)
Tuisgemaakte lekkergoed – Hannelie van Tonder (083 452 0441)
Suiker, meel, eiers of melk – Elmari Weyers (082 455 5665)
Vleis (wors, maalvleis, koue vleis), biltong, droëwors – kerkkantoor (012 348 1245)
Tuisgemaakte gemmerbier of blikkies koeldrank– Chris Strydom (079 871 7079)
Skenkings van Tonic/Gin – Liani Louw (079 506 4078)

Gemeenskap

Kuns Uniek (25jr) 17 Okt - 18 Nov 2018 by Chappiesweg 331, Lynnwood: Skilderye, Keramiek, Beelde en Juwele. Dinsdag tot Vrydag vanaf 10:00 – 18:00; Saterdag en Sondag 10:00 – 17:00 (Maandag gesluit). Navrae Marie Spruyt 083 268 8713.

Herwinningshouers is in die parkeerarea (Sussexlaan)– bring gerus herwinbare artikels.

Kennisgewingborde: Indien u 'n kennisgewing op die borde wil plaas, bring dit asseblief na die kerkkantoor of *Info*-toonbank – baie dankie vir u samewerking in dié verband.

Motorwagdonasies: Houers in die portaal beskikbaar – dankie vir u ondersteuning.

Byderhand: Kragonderbrekings: 012 339 9111 (080 111 1556 tolvry) of SMS "power" gevolg deur jou rekeningnommer na 082 612 0333. Straatligprobleme: 080 111 1556 of e-pos customercarep@tshwane.gov.za. Slaggate en/of robotte uit: e-pos customercare@tshwane.gov.za. Water probleme: 012 358 2111 of 012 327 0147 of e-pos customercare@tshwane.gov.za. Watermeterlesings (deurgee) – rooster vir 2018 beskikbaar by www.tshwane.gov.